Verlossing sonder Jesus

Vanuit die Engels vertaal deur J Grobler.
Oorspronklike deur Ephesians 5:11, Inc., Box 291, Fishers, IN 46038, USA

FMTR02

Vrymesselaars sê dat hulle slegs aan 'n onderlinge hulpvereniging behoort en dat Vrymesselary geensins 'n godsdiens is nie. Maar, die Losie verkondig 'n plan van verlossing wat geloof in Jesus Christus uitsluit. As 'n Meester Vrymesselaar het jy die besondere voorreg om te weet dat dit waar is. Jy het self deelgeneem aan die rituale wat leer dat Jesus Christus nie noodsaaklik tot verlossing is nie. Jy het seker ook toegekyk toe ander deur hierdie rituaal geneem was.

WAT LEER DIE RITUEEL OOR VERLOSSING?

In die Entered Apprentice Graad vra die Worshipful Master: "What covering has a Lodge?" Die Senior Warden antwoord:

> "A clouded canopy or star-decked **heavens, where all good Masons hope at last to arrive…"**

Tydens die Master Mason Graad vra die Worshipful Master: "What is meant by the three steps unsually delineated on the Master's Carpet?" Die antwoord van die Senior Warden volg:

> "…as Fellow Crafts, we should apply our knowledge to the discharge of our respective duties to God, our neighbours, and ourselves; so that, in *Age*, **as Master Masons, we may enjoy the happy reflections consequent on a well-spent life, and die in the hope of a glorious immortality."**

Toe jy Hiram Abiff vertolk het, het die Worshipful Master net voordat jy as Hiram Abiff opgewek was 'n gebed voorgehou. Hierdie gebed is met die volgende woorde afgesluit:

> "Yet, O Lord! have compassion on the children of Thy creation; administer them comfort in time of trouble, and save them with an everlasting salvation. Amen."

Tydens die afsluiting van die Legende van die Derde Graad het die Senior Warden die volgede gesê:

> "**Then, finally my brethren, let us imitate our Grand Master, Hiram Abiff**, in his virtuous conduct, his unfeigned piety to God, and his inflexible fidelity to his trust; **that, like him, we may welcome the grim tyrant, Death, and receive him as a kind messenger sent by our Supreme Grand Master, to translate us from this imperfect to that all perfect, glorious, and celestial Lodge above**, where the Supreme Architect of the Universe presides."

DIE LEGENDE VAN DIE DERDE GRAAD:

Die volgende verduideliking van die betekenis van die Legende van die Derde Graad word op bls 96 van Albert Mackey (33°) se *Manual of the Lodge* gevind:

> "It was the single object of all the ancient rites and mysteries practiced in the very bosom of pagan darkness…to teach the immortality of the soul! This is still the great design of the third degree of Masonry. This is the scope and aim of its ritual. **The Master Mason represents man**, when youth, manhood, old age, and life itself have passed away as fleeting shadows, yet **raised from the grave of iniquity, and quickened into another and better existence. By its legend and all its ritual, it is implied that we have been redeemed from the death of sin** and the sepulchre of pollution…and the conclusion we arrive at is, that youth, properly directed, leads us to the honourable and virtuous maturity, and that the life of man, regulated by morality, faith, and justice, will be rewarded at its closing hour by the prospect of eternal bliss…**the Master Mason represents a man saved from the grave of iniquity, and raised to the faith of salvation**."

MEESTER VRYMESSELAARS *HET* DIE EWIGE LEWE:

Vrymesselary leer dat Meester Vrymesselaars (Master Masons) as 'n groep met die hoop tot 'n wonderlike ewige lewe mag sterwe, verteenwoordigend van diegene wat opgewek is vanuit van die graf van verderflikheid en verlos is van die dood wat die sonde bring. Vrymesselary leer dat Meester Vrymesselaars verlos is! Maar, die Bybel is baie duidelik: Jesus Christus alleen is die weg van verlossing. Petrus het gesê:

"Julle almal en die hele Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan—dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het. Hy is die klip wat deur julle, die bouers afgekeur is. Juis Hy het die belangrikste klip in die gebou geword. Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie." (Hand 4:10-12)

Johannes gee vir ons Jesus self se woorde:

"Jesus het vir hom gesê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.'" (Joh 14:6)

Die groep bekend as *Meester Vrymesselaars* sluit in Hindoes, Moslems en Boediste, diegene wat sê dat hulle Christene is en diegene wat geen ander godsdiens behalwe Vrymesselary beoefen nie. Hindoes, Moslems en Boediste verwerp almal die unieke Godheid van Jesus Christus en ontken Hom as die Verlosser en Middelaar vir die ganse mensdom. Aangesien Vrymesselary leer dat Meester Vrymesselaars, as 'n groep, mag sterf met die hoop tot 'n wonderlike ewige lewe, verteenwoordigend van dié wat uit die graf van verderflikheid opgewek is en dat hulle van die dood wat die sonde bring, verlos is, **verkondig en leer Vrymesselary 'n vals evangelie van verlossing sonder geloof in Jesus Christus as enigste Verlosser.** Paulus, 'n Apostel van Jesus Christus het sê:

"Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het—die vloek van God sal hom tref! Ons het dit voorheen al gesê en sê dit nou weer: As iemand aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het—die vloek van God sal hom tref!" (Gal 1:8-9)

'N ANDER EVANGELIE WORD BEVODER!

Die Losie bevorder dus geloof in 'n ander evangelie wat mense verdoem tot 'n ewigheid in die hel! Nie-Christene en selfs "Christene" in die losie verstaan wat Vrymesselaarsrituale leer. Baie min van hulle verstaan die evangelie van Jesus Christus en aanvaar die leuen wat Vrymesselary verkondig en leer **dat hulle verlos kan word deur Vrymesselary**. Hulle ken nie vir Jesus Christus nie en sien geen rede hoekom hulle Christene moet word nie—want, wat anders kan Jesus Christus hulle bied? Hulle het gesien hoedat jy in stilswye saamstem terwyl die Vrymesselaars-rituaal wat verlossing sonder Jesus Christus leer, afgespeel word. Enige waarde wat jou "getuienis" as Christen mag gehad het, was hierdeur onmeetbare skade aangedoen, selfs totaal vernietig, en dit deur jou stille deelname. Indien die verlossingsplan van die losie nie die waarheid is nie, behoort jy as Christen beswaar te gemaak, nie waar nie? Sekerlik sou jy nie nou al vir jare daaraan deelgeneem, of ander daartoe aangemoedig het nie, of hoe?

CHRISTENE EN HEIDENSE PRAKTYKE:

Gedurende die eerste eeu was daar sommiges in die Kerk wat geglo het dat hulle Christene kon wees en tog nog in heidense godsdienstige praktyke kon deel. Paulus is baie duidelik hieroor in sy brief aan die Korintiërs:

"…die wat aan [afgode] offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. Ek wil nie hê julle moet met duiwels gemeenskap hou nie. Julle kan nie die beker van Here drink en ook die beker van duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van Here en ook aan die tafel van duiwels nie. Of wil ons die Here uittart? Is ons miskien sterker as Hy? (1 Kor 10:20-22)

Die heidense godsdiens is enige godsdiens wat in stryd is met die Christelike geloof of Judaïsme. Vrymesselary bied 'n plan van verlossing sonder Jesus Christus aan. Dus is dit 'n nie-Christelike godsdiens. Aangesien Vrymesselary nie Judaïsme is nie is dit onteenseglik heidens. Die Bybel is baie duidelik oor die deelname van Christene aan heidense godsdienstige praktyke. 'n Christen kan net eenvoudig nie deel hê aan heidense praktyke nie. **Nou**; nadat hierdie dinge aan jou voorgehou is en jy bly nog deelneem aan die heidense praktyke van Vrymesselary, is dit duidelik dat jy geensins erns daarvan wil maak om Jesus Christus te volg nie.

DIE ERNS VAN DIE SAAK!

Is dit moontlik dat jy nog nie werklik besef hoedat jy vir Jesus Christus verloën het nie? Die feit is dat jy dit tot nou toe gedoen het, want Jesus self het gesê:

"'Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.'" (Mat 10:33)

Jesus is bereid om jou te vergewe—inteendeel Hy WIL jou vergewe! Maar, Sy vergiffenis is voorwaardelik: Jy sal jou moet bekeer. Jy sal Vrymesselary moet laat vaar! Paulus skryf:

"Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Belial? Hoe kan 'n gelowige dieselfde belange hê as 'n ongelowige? Hoe kan 'n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode? Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het: "Ek sal onder hulle woon en wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees." Daarom: "Gaan van hulle af weg en sonder julle af," sê die Here, "en moenie wat onrein is, aanraak nie." "Dan sal Ek julle aanneem, en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees," sê die Here, die Almagtige. Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy." (2 Kor 6:14-7:1)

Kan iemand werklik 'n Christen wees en terselfdertyd in 'n broederskap met ander staan wat glo en verkondig dat verlossing sonder Jesus Christus moontlik is? Wat sal Jesus sê? Wie anders se opinie maak werklik saak?

KIES CIEC
Posbus 8009
EDLEEN
1625
Tel/Faks: 011-394-3080
E-pos: kies_ciec@telkomsa.net